**Die Here Jesus vermeerder brood en loop op water**

**Joh 6:1-24**

**27 April 2025**

1. Vantevore: 6 Getuies bevestig die volmag van die Here Jesus: Die Here Jesus, Johannes die Doper, die werke van die Here Jesus, die Vader, die Skrifte en Moses. Dit is egter noodsaaklik dat die liefde van God in iemand werk om werklik al hierdie getuienis te kan verstaan en aanvaar in die geloof.
2. Joh 6 se vier dele: die teken van broodvermeerdering, die teken van die Here Jesus wat op water loop, die gesprek oor die brood van die lewe, twyfel onder die Here Jesus se dissipels
3. Teken van die vermeerdering van die brood (Joh 6:1-15)
    a. V1-4: Tydens tyd van die pasga – jaar na die tempelreiniging (Joh 2). Vind plaas aan oorkant van see van Galilea
    b. V5-9: Groot skare kom. Jesus toets Filippus, Andreas, dissipels – hoe gaan hulle vir die skare kos gee?
    c. V10-13: Die Here Jesus het doel en plan: Laat die 5000 mans (plus vrouens / kinders) sit, vra die seën, sê hulle moet die kos uitdeel – almal eet en word versadig, bly meer kos oor as waarmee begin is
    d. V14-15: Die skare erken Jesus tereg as die Profeet (Deut 18), maar het verkeerde begrip van Sy Koningskap – Jesus onttrek.
4. Betekenis van die teken van die vermeerdering van die brood
    a. Raakpunte met Moses/pasga/manna: Joh 5:45-46, 6:4, 31, 12, 14
    b. Hoe die Here vir Sy gelowige kinders voorsien:
        - In 'n krisis voorsien die Here Jesus, selfs bonatuurlik
        - Die Here Jesus verwag egter geloof
        - Die Here Jesus voorsien oorvloedig (vgl Ef 3:20-21)
    c. Die Here Jesus is die beloofde Profeet, maar Hy is nie 'n koning wat net bonatuurlik kos gee nie – Hy is meer as dit.
5. Teken van Jesus wat op die water loop (Joh 6:16-24)
    a. V16-17: Dissipels roei teen die aand sonder Jesus terug na Kapernaum
    b. V18-19: Storm kom op, dissipels is bang, Jesus loop op water na hulle toe
    c. V20-21: "Dit is Ek; moenie langer bang wees nie"
    d. V22: Skare oornag op oorkantste wal
    e. V23-24: Roei oordag terug na Kapernaum, geen storm
6. Die betekenis van die Here Jesus wat op die water loop
    a. Johannes beskou die 2 tekens as 'n eenheid, saam met die lering oor die brood van die lewe
    b. Israel: eet pasga, vertrek, bang by Rietsee, "Moenie bang wees nie!" (Eks 14:13), kom veilig aan die oorkant
    c. Dissipels: eet vermeerderde brood, bang in storm, "Dit is Ek, moenie bang wees nie", kom veilig aan die oorkant
    d. Skare: eet vermeerderde brood, geen storm, kom veilig aan die oorkant
    e. Die Here toets almal, nie almal se toetse is dieselfde nie, in die toetse moet ons leer die Here Jesus verlos, dan kan ons opvolgende toetse beter hanteer, nie almal leer uit toetse nie – die liefde van God moet ook teenwoordig wees.